

Louise Viljoen In memoriam: Merwe Scholtz
(1924-2005)

Huldeblyk gelewer by die roudiens op 21 Januarie 2005

Dit is geen maklike taak om by 'n geleentheid soos hierdie iets te sê oor Merwe Scholtz as akademikus en intellektueel nie: dit is nie net moeilik omdat dit so droewig is dat een van die groot figure in die Afrikaanse letterkunde aan die einde van sy pad gekom het nie, maar omdat daar soveel is wat 'n mens in 'n paar woorde moet saamvat.

As 'n mens egter deur omstandighede gedwing word tot samevatting en opsomming sou ek wou sê dat Merwe Scholtz altyd binne die Afrikaanse letterkunde onthou sal word vir die sfeer van intellektuele opwinding wat hy met hom saamgedra het. Dit was iets wat nie net sy tydgenote geïnspireer het nie, maar ook 'n hele generasie Afrikaanse letterkundiges wat met hom in aanraking gekom het deur sy werk of deurdat hulle sy studente was. Hy was 'n baanbreker ten opsigte van die teoretiese en wetenskaplike dink oor die letterkunde in Suid-Afrika. Sy doktorsale studie getitel *Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise – Eugène Marais: Die townenares* (1950) het gelei tot 'n nuwe rigting in die Afrikaanse literêre kritiek en die mees noukeurige vorm van *close reading* wat ons ooit in die Afrikaanse letterkunde gehad het. Die werk wat hy kort daarna op relatief jeugdige leeftyd saam met W.Gs Hellinga gedoen het aan *Kreatiewe analise van taalgebruik* (1955) is tot vandag 'n belangrike moment in die geskiedenis van die literatuurwetenskap, hier sowel as in Nederland.

Die twee opstelbundels wat hy later gepubliseer het, *Herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle* (1975) sowel as *Die teken as teiken* (1978), demonstreer twee van die belangrikste en vir my die mees oorrampellende eienskappe van sy werk as letterkundige. In die eerste plek is die opstelle in hierdie twee bundels voorbeelde van die mees uitnemende literêre essays wat daar in Afrikaans bestaan: hulle glinster van die skerpsinnigheid, van die vermoë tot helder segging, van intellektuele vernuf en van dit wat die Engelse *wit* sou noem. In die tweede plek demonstreer hierdie twee bundels sy vermoë om 'n literêre teks so

indringend en so vernuwend te lees dat dit voel asof jy vir die eerste keer kyk na 'n teks wat jy eintlik jare lank al ken. In die opsig was hy 'n uitnemende voorbeeld van die vermoë om die oor-bekende weer "vreemd" te maak – daardie vermoë van die kuns om jou nuut te laat kyk waarna die Russiese Formaliste verwys het as *making it strange* het hy in die literêre kritiek ingedra en so daarvan 'n kunsvorm gemaak. Wat ek as leser uit 'n later era veral in hierdie opstelle bewonder, is Merwe Scholtz se vermoë om jou tot op 'n bepaalde punt te lei in die oopmaak van 'n gedig en hom dan te onttrek net voordat die laaste stuk van die legkaart op sy plek gesit word, net voordat die finale en sluitende woord in die interpretasie gespreek word. Hyself het by geleentheid gesê dat hy daarvan hou om die "leer onder sy leser weg te skop" vóórdat daar 'n finale antwoord is. Dit was 'n strategie wat daarin geslaag het om die avontuur van die leesproses te laat voortduur eerder as om dit af te sluit. Ek sou dit byna postmodernisties wou noem, maar ek dink nie dit is 'n etiket waaraan hy veel erg sou hê nie.

As ek dink aan die akademiese skoling wat Merwe Scholtz sy doktorsale studente gebied het, kom enkele reëls uit een van Van Wyk Louw se *Tristia*-verse onwillekeurig by my op:

Alleen die baie fyn dink is helder:

so fyn dat byna niemand dit wil vat nie.

Al die ander dink is saam-hurk, of paring,

in 'n donkerte waarin ons soet-goed fluister.

Hy het deur sy voorbeeld die entoesiasme vir die "baie fyn" dink oor die letterkunde oorgedra aan kollegas en studente wat saam met hom gewerk het in Amsterdam, Pretoria, Kaapstad en uiteindelik ook in Stellenbosch. Om onder Merwe Scholtz se leiding te werk aan 'n doktorsale proefskrif was te alle tye 'n intellektuele avontuur, by tye selfs 'n intellektuele geveg waarin jy jouself en jou warse opvattinge baie deeglik moes kon verantwoord.

Hy het hom ook op vele ander terreine van die intellektuele lewe laat geld. As digter het hy ongelukkig net 'n klein oeuvre nagelaat wat bestaan uit 'n drietal bundels – *Vlugtige spore* (1947), *Grimas* (1976), *Mantessa* (1986). Verbasend genoeg vir so 'n robuuste intellektueel is daar iets delikaat aan hierdie poësie wat verband hou met die "baie fyn dink" wat sy akademiese loopbaan gekenmerk het. Verder was hy die intellektuele skermmaat van groot Afrikaanse digters soos Van Wyk Louw, D.J. Opperman en Sheila Cussons. Ander aktiwiteite wat 'n mens kan noem, is sy werk as bloemleser en inleier van ander skrywers se

werk, as lid en later voorsitter van die Letterkundekommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, as lid van die Publikasieraad, as kunste-administrateur wat ook 'n groot invloed op die uitvoerende kunste uitgeoefen het, as kenner van die beeldende kuns, as vertaler van dramas.

Namens sy voormalige kollegas en studente wil ek sy familie verseker van ons opregte simpatie en meelewing. Miskien kan 'n mens jou troos aan die feit dat die intellektuele energie wat van iemand soos Merwe Scholtz uitgaan sal bly uitkring in en deur mense met wie hy in aanraking gekom het.

AC Jordan Centenary International Conference

Historical imagination in the writings of AC Jordan and other Eastern Cape writers

East London, South Africa,
June 27-30, 2006

CALL for PAPERS

The year 2006 marks the centenary of the birth of one of South Africa's finest sons – intellectual, novelist, linguist, and activist AC Jordan.

The National Heritage and Cultural Studies Centre of the University of Fort Hare therefore announces an international conference as part of the AC Jordan centenary to be celebrated in the course of 2006.

The Centre proudly places Jordan in the company of other Eastern Cape writers and intellectuals and other writers addressing Eastern Cape themes, and calls on scholars to share and debate insights into the literature they had produced.

NAHECS thus invites papers on the theme of "Historical Imagination in the Writings of AC Jordan and Other Eastern Cape Writers". Because of the centenary, most papers will probably focus on the works of AC Jordan.

Scholars should forward to the conference organizer proposals for papers probing the themes of

- Ancestry and Christianity;
- Oral tradition and Oral History;
- Acculturation and Identity;
- Ethnicity and Nationalism;
- Gender and the Politics of the Body;
- Representations and Contestations; and
- Related themes.

The call goes out to give scholars ample opportunity to access and engage the AC Jordan Collection in NAHECS as well as other texts and manuscript materials. Abstracts of 500-600 words should be sent as Microsoft Word attachments to The Director, NAHECS.

National Heritage and Cultural Studies Centre (NAHECS)

Tel: 040 602 2277 • Fax: 040 653 1926 • e-mail: cthomas@ufh.ac.za